

10 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 2:1-17
Fokusgedeelte: Genesis 2:17
HK, Vraag 10

God se reg vir ons tot troos (2)

In die reg moet verskillende regte tot hulle reg kom. Dit is ook altyd waar van God se reg. God is getrou in sy eisreg. Wanneer die mens hierdie reg verbreek, tree God se strafreg in werking.

In sy liefde en trou gee God aan die mens alles om Hom te kan liefhê en te gehoorsaam. In Genesis 2 kan ons selfs praat van oorvloed en rykdom. As God met die mens praat, beteken dit dat daar gemeenskap tussen Hom en die mens is. Kommunikasie is een van die belangrikste kenmerke van 'n verhouding en van gemeenskap. Wanneer God praat, sê Hy daarmee dat Hy gemeenskap wil hê. Dit is 'n verhouding waarin God in liefde en trou gee, 'n verhouding waarin die mens as kind van God lewe.

Deur die sonde verbreek die mens die verhouding. Ons wil lewe, gelukkig wees, beter omstandighede hê, maar alles buite die liefde van God en die gehoorsaamheid van die kind.

God het van die begin af gewaarsku dat die verbreking van die verhouding ernstige gevolge sal hê, naamlik sy straf. Die Kategismus haal Deuteronomium 27:26 aan: "Vervloek is elkeen ..." Deur sy sonde verbeur ons ons reg op kindwees. Gevolglik het ons alleen reg op die dood, op die vloek. God handhaaf sy reg as Hy ná die sondeval sê: "Vervloek is ..." (Gen 3:14 & 17). Die straf wat Hy beloof het, tree in werking. Hierin bly God getrou.

Is God se reg vir ons tot troos? Die woord "vervloek" word twee keer herhaal, maar tussenin staan die moederbelofte (Gen 3:15). Dit is die ligstraaltjie van God se strafreg. Hy verbrysel sy Seun om die slang se kop te vermorsel en ons te red.

Sing: Psalm 38:1, 2 (1936-beryming)
Psalm 38:1, 2 (2001-omdigting)

Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)